

# Die Dood – Franscois Malan

Celeste vra

My ma is die 21 ste Augustus 2017 oorlede op 69 jarige ouderdom. Sy was gesond en lus vir lewe. skielik word sy siek en binne 'n maand sterf sy. Hoe verwerk jy dit?? Sy was my steunpilaar met my gestremde kinders by my gebly en my met alles gehelp. Ek het onwrikbaar geglo sy sal lewe. Lewe oor haar toestand uitgespreek soos God sê ek moes doen en geglo sy gaan gesond word. Die onmoontlike het gebeur, sy het voor my gesterf, al haar organe het ingegegee. Al die kinders het gegroet, ek kon nie, ek wou nie aanvaar sy gaan sterf nie. Mense sê God het haar kom haal. Ander sê haar geloof was te swak om te glo sy gaan lewe. Sy was al vir weke nie by haar positiewe nie, hoe kan sy nie geglo het sy sal lewe nie. Sy was heeltyd in 'n diep slaap, daarna is sy op die asemhalingsmasjiene gesit. Verlang sy na ons in die hemel dink sy aan ons? Wie is verantwoordelik vir haar dood? Is dit nou satan of is dit Jesus wat haar huis toe geroep het, ek verstaan nie. Hoekom kry party genesing en ander nie, ten spyte van duisende wat gebed het vir haar. Wat het verkeerd gegaan? Ek het nie vrede nie ek kan nie die ding aanvaar nie. Ek mis haar vreeslik en moet elke dag in al haar goedjies vas kyk en hoe beweeg jy aan? Dan het ek geglo as ek die bloed van Jesus oor ons pleit elke dag en ps 91 en my gebede doen en glo en vertrou sal ons beskerm wees teen satan. Ek kon nog nie weer my bybel oop maak om te lees nie. Ek sukkel om te bid. Ek sukkel om te vertrou. Ek begin bid dat die Here my gesin sal beskerm en my man wat op die pad is en eers oor 'n naweek huis toe kom dan stop ek skaars 'n paar sinne weg, dan dink ek, waarom bid ek, dit het dan nie vir mamma gehelp nie. My vertrou is geskend en ek weet nie hoe om reg te kom nie. Ek wil, maar ek sukkel. Dit voel of my gebed niks beteken nie. Die mees kosbaarste mens in my lewe is uit my lewe weg geruk. Sy het my van Jesus geleer, sy het my bygestaan wanneer ek nie

meer kans gesien het vir die lewe nie. Sy was kosbaar en onvervangbaar. Kerk mense sê, God neem ons nie weg nie, Hy ontvang ons in die hemel. Ek kan nie glo sy kom nie terug nie, sy is weg en ek kan nie aanbeweeg nie. My 2 gestremde dogters voel my hartseer aan en dit het veroorsaak dat een van hulle al 4 epileptiese aanvalle gekry het. Die ander een het 2 gehad. Ek het my ma bitter lief gehad en alles gedoen wat ek kon om haar lewe maklik te maak. Op haar sterfbed het almal gegroet. Ek kon nie. Dokters was nie seker hoeveel ure sy oor gehad het voor haar hart gaan staan nie want al haar organe het al ingegee. Toe ek kans kry om alleen met haar te praat, toe sê ek vir haar, dankie vir alles wat sy vir my en my man en ons twee serebraal verstandelik gestremde kinders oor die jare gedoen het. Ons is baie lief vir haar. Daar het twee keer trane uit haar oog uitgekom. Die familie het buite ICU gaan sit want daar is nie plek om te sit nie. Ek het by my ma gestaan want ek wou haar nie alleen los nie. Teen half 4 die middag het ek besef ek moet ander reelings maak om iemand te kry om na my kinders te kyk tot ek by die huis kom. Ek wou nie huis toe gaan voor alles verby is nie. Toe ek klaar gereel het, het ek opgestaan, en vir my ma gesê, dis ok, sy kan maar gaan, ek en die kinders sal ok wees. Ek sal cope sonder haar. Sy is besig om te ly en ek ly om haar so te sien. Ek gaan haar vreeslik mis en ek het haar baie lief. Toe begin die monitor rooi flikker. Die dokters en verpleegsters het nader gestaan, die familie het ingekom en my ma het toe gesterf. Ek sukkel om oor dit te kom. Ek wou nie groet nie, wil haar nog hier hê, mis haar vreeslik.

## **Antwoord**

Prof Francois Malan antoord:

My innige simpatie met jou ma se heengaan, en met jou gemis aan jou steunpilaar.

Ons mense het nie egter nie die seggenskap oor lewe en dood nie. Dit is in die hand van die Here. En ons kan nie met ons uitsprake die Here bind om te doen wat ons wil hê nie. God is nie ons stuurman wat alles wat ons vra vir ons doen nie. Hy stuur ons, en verwag dat ons alles doen wat Hy sê, want Hy is ons God wat die seggenskap het oor ons ganse lewe. Selfs Jesus het dit nie gedoen nie. In Getsemane het Hy gebid: 'My Vader, as dit moontlik is, laat hierdie beker by My verbygaan. Nogtans nie soos Ek wil nie maar, soos U wil.' Vir die tweede keer bid Hy: 'My Vader, as dit nie moontlik is dat hierdie beker verbygaan sonder dat Ek dit drink nie, laat U wil geskied.' En met dieselfde woorde van aanvaarding dat Hy moet sterf, herhaal hy sy derde gebed as bevestiging dat Hy die wil van sy Vader aanvaar (Mat 26:39-44).

Jy sê: 'Ek het onwrikbaar geglo sy sal lewe. Lewe oor haar toestand uitgespreek soos God sê ek moes doen en geglo sy gaan gesond word.'

Ek weet nie waar jy aan die gedagte kom nie, om 'lewe oor haar toestand uit te spreek.' Dit staan nêrens in die Bybel nie. Die Here nooi ons uit om met ons versoeke na Hom toe te kom, maar Hy weet beter as ons, en kan ook vir ons nee sê. Soos die Vader vir Jesus nee gesê het oor sy versoek om die beker van sy kruisdood by Hom te laat verbygaan. Paulus sê hy het die Here drie maal gesmeek oor die daaglikse beproewing wat hy moes deurmaak, die doring in sy vlees, soos hy dit noem, dat dit van hom moet wyk. Maar die Here het vir hom gesê: My genade is vir jou genoeg, want my krag word in swakheid volbring (2 Kor 12:7-9).

Jy sê: 'Mense sê God het haar kom haal. Ander sê haar geloof was te swak om te glo sy gaan lewe.'

Dit hang nie van haar geloof af of sy gaan lewe nie. Dit hang van God af, Hy besluit, nie op grond van ons geloof of swak geloof nie. Hy weet die beste vir elke mens. Die dood het gekom weens die sonde van die mens as God se oordeel oor ons

sonde (vgl. Romeine 5:12: 'Deur een mens het die sonde in die wêreld gekom (Genesis 2:17), en deur die sonde die dood, en so het die dood tot al die mense deurgedring, omdat almal gesondig het.' Maar met Jesus se dood het Hy al ons sonde op Hom kom neem en die straf op sonde gedra. Vir die mens wat van harte in Hom glo, dat Hy as die Seun van God al my sonde aan die kruis gedra het, is daar nie meer 'n veroordeling nie. Ons saak is by God reggemaak deur ons Here, Jesus Christus (Rom 5:1). Nou het ons dood 'n deurgang na die ewige lewe geword. en jou ma verlos van al haar swakheid en ellende. So het sy haar bestemming, God se doel met haar lewe by die Here bereik, vir ewig by die Here.

Jy sê: 'Dan het ek geglo as ek die bloed van Jesus oor ons pleit elke dag en ps 91 en my gebede doen en glo en vertrou sal ons beskerm wees teen satan.'

Satan beheer nie ons lewe nie, Hy is deur Jesus se dood en opstanding oorwin, en as ons op die Here vertrou, soos Ps 91 sê, kan Hy ons nie skade aandoen nie.

Jy sê:

'Ek kon nog nie weer my bybel oop maak om te lees nie. Ek sukkel om te bid. Ek sukkel om te vertrou. Ek begin bid dat die Here my gesin sal beskerm en my man wat op die pad is en eers oor 'n naweek huis toe kom dan stop ek skaars 'n paar sinne weg, dan dink ek, waarom bid ek, dit het dan nie vir mamma gehelp nie. My vertrou is geskend en ek weet nie hoe om reg te kom nie. Ek wil, maar ek sukkel. Dit voel of my gebed niks beteken nie. Die mees kosbaarste mens in my lewe is uit my lewe weg geruk. Sy het my van Jesus geleer, sy het my bygestaan wanneer ek nie meer kans gesien het vir die lewe nie. Sy was kosbaar en onvervangbaar.'

Ek sien dat jy jou ma liefwer gehad het as vir Jesus. Hy het gesê: 'As iemand na My kom en My nie méér liefhet as sy pa en ma en vrou en kinders en broers en susters, ja, selfs sy eie

lewe nie, kan hy my dissipel nie wees nie. Wie nie sy eie kruis (elke dag) dra en My volg nie, kan my dissipel nie wees nie' (Lukas 14:26-27). Oppas dat Hy nie eendag vir jou sal sê 'Ek ken jou nie' (Lukas 13:27; Matteus 7:21-23 ). Daarom het Jesus so aangehou roep dat mense hulle tot Hom moet bekeer (Lukas 12:3,5), dat jy anders oor Hom moet begin dink, dat Hy die belangrikste Persoon in jou lewe word, dat Hy jou God word vir wie jy lief het, want Hy het jou so lief, dat Hy sy lewe vir jou gegee het om jou van jou sonde en van jouself te verlos, en Hom vir alles begin vertrou. Niks kan jou van sy liefde skei nie, behalwe as jy jou rug op Hom draai en sy liefde verwerp (Romeine 8:31-39). Moet jy nie begin om die Here te dank en te loof vir die ma wat jy gehad het en jou van Jesus geleer het nie? Hy wil jou bystaan en nooi jou uit om na Hom toe te kom met jou hartseer en jou gemis aan jou ma, en Hy sal vir jou rus gee (Mat 11:28-30).

Skrywer [Prof Francois Malan](#)

---

# Spurgeon: Die werklikheid van die dood

*I believe every Christian man has a choice between being humble and being humbled.*

—C.H. Spurgeon

## Spurgeon: Die werklikheid van die dood

Charles Haddon Spurgeon was sekerlik een van die begaafdeste predikers van alle tye. Ek wil vyf kort aanhalings uit preke van hom gebruik. Hulle kom uit *Morning and Evening. Sermons at the New Park Chapel* en *Sermons at the Metropolitan Tabernacle*. Hulle is beskikbaar by Bible Gateway op die internet.

Paulus ontken nie dat die dood iets vreesliks is nie – hy lag nie vir die dood nie; hy sê ook nie: “Ág, dit is niks om dood te gaan nie.”

Hy beskryf die dood as ‘n monster; hy sê die dood het ‘n engel; hy sê vir ons waar die krag van daardie engel lê. As hy die triomf oor die dood beskryf, skryf hy die oorwinning nie aan die mens toe nie, maar hy sê: Alle dank aan God wat die oorwinning deur Jesus Christus gee.:

Hierdie kom uit ‘n preek oor 1 Korintiërs 15:56 – 57: *Dood, waar is jou oorwinning? Dood waar is jou engel? Die engel van die dood is die sonde, en die sonde kry sy krag uit die wet van God. Maar ons dank God dat Hy aan ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus.*

---

# Die tweede dood

## Die tweede dood – Francois Malan

Deon vra:

Die tweede dood. Kan geeste vernietig word? Let veral op Opb 20:14 Gaan hulle saam met die aarde vernietig word of deel vorm van die nuwe aarde? Opb 2:11 Wie ‘n oor het, laat hom hoor wat die Gees aan die gemeentes sê. Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie. Opb 20:6 Salig en heilig is hy wat deel het aan die eerste opstanding; oor hulle het die tweede dood geen mag nie, maar hulle sal priesters van God en van Christus wees en sal saam met Hom as konings regeer duisend jaar lank. Opb 20:14 En die dood en die doderyk is in die poel van vuur gewerp. Dit is die tweede dood. Opb 21:8 Maar wat die vreesagtiges aangaan en die ongelowiges en gruwelikes en moordenaars en hoereerders en towenaars en afgodedienswaarders en al die leueners hulle deel is in die poel wat brand met vuur en swawel: dit is die tweede dood.

## Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Die vraag is nie heeltemal duidelik gestel nie. Na wie of wat verwys 'die geeste'? Is dit na 'bose geeste'?

Efesiërs 6:1,12 verwys na die duiwel en die bose geeste in die lug teen wie die gelowige moet stry.

Matteus 25:41 praat van die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele voorberei is deur God en waarheen die ongelowiges ook gestuur word op die oordeelsdag.

Matteus 18:8,9 praat van die ewige vuur wat ook genoem word die vuur van die hel.

Judas 7 praat van engele wat hulle nie in hulle eie magsgebied gehou het nie wat gestraf word met die vuur wat ewig brand.

Die tweede dood is soos Openb 21:8 aangehaal dieselfde as die poel wat brand met vuur en swawel. In Openb 20:10 word gesê die duiwel en die dier en die valse profeet sal daar dag en nag gepyning word.

Met die aanhaling van Openb 20:14 wat sê dat die dood en die doderyk ook in die vuurpoel gegooi word, word bedoel dat die hel ewig is, en dat daar geen dood meer beskikbaar is vir hulle wat onder God se ewige oordeel val nie. Openb 20:15 voeg nog by: As daar gevind is dat iemand se naam nie in die boek van die lewe geskrywe staan nie, is hy in die vuurpoel gegooi.

Dit alles is waarskuwings vir ons wat lewe om ons heil en die verlossing van ons sonde by Jesus Christus te ontvang, deur in Hom te glo as 'die Woord van God, wat self God is, die Seun van die lewende God wat mens geword het en vir ons sonde aan die kruis gesterf het (vgl. Joh.1:1,14); dat Hy aan almal wat Hom aangeneem het, dié wat in Hom glo, die reg gegee het om kinders van God te word (Joh 1:12); dat die wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê (Joh 3:16).

Jou vraag: Kan geeste vernietig word? Let veral op Opb 20:14 Gaan hulle saam met die

aarde vernietig word of deel vorm van die nuwe aarde?

Uit die tekste hierbo lyk dit nie asof die bese geeste vernietig gaan word nie, maar dat hulle ewige straf van God ontvang, en nie deel is van die nuwe hemel en nuwe aarde wat vir die gelowiges saam met Christus geskep word nie. Romeine 8:17 sê: Aangesien ons deel het aan die lyding van Christus, sal ons ook deel hê aan sy heerlikheid.

Skrywer: [Prof. Francois Malan](#)

---

# Die Doodsengel – Vraag

## Die Doodsengel – Francois Malan

Whitey vra:

Ek is nie seker nie maar ... Iewers het ek gelees van 'n man wat op 'n dag besig was en gedurende sy take het die doodsengel hom besoek en aan hom gesê dat hy hier is om hom te kom haal...Die man het toe oor die saak nagedink en toe na 'n ver land gegaan om van die doodsengel af weg te kom maar 'n dag of wat later was die doodsengel ook daar om hom te kom haal.....Was die gelesede gedeelte skriftuurlik en indien nie is ek jammer maar indien kan jul my meer inlig oor waar in die woord van ons Vader kan ek dit oplees en wat presies het daar gebeur

### Antwoord

Prof. Francois Malan antwoord:

Nee, die storie staan nie in die Bybel nie.

Die Bybel sê dat die Here besluit wanneer iemand sal sterwe.

- 2 Samuel 24:16 sê dat die Here sy engel gestuur het om Israel met pes te



tref, en ook vir die engel later beveel het om daarmee op te hou (vgl. ook 1 Kronieke 21:15)

- 2 Kronieke 32:21 vertel hoe die Here sy engel gestuur het om al die Assiriese soldate wat Jerusalem omsingel het dood te maak (vgl. Jesaja 37:36).
- Handeling 12:23 vertel van die engel van die Here wat Herodes met wurms laat verteer het tot hy gesterf het, omdat Hy nie die eer aan God gegee het nie, maar aanvaar het dat die mense hom 'n god noem.
- Vir die ryk dwaas sê God: Jou dwaas. Vannag nog sal jou lewe van jou opgeëis word, en wie kry dan alles wat jy bymekaar gemaak het (Lukas 12:20)

Vir die Here kan jy ook nie wegvlug of wegkruip nie. Hy is oral teenwoordig. Lees maar Ps 139.

Maar die goeie nuus is dat Jesus vir ons sonde gesterf het, en dat ons nou kan uitsien daarna om by Hom te wees wanneer ons sterf (Filippense 1:20-23), en niks, selfs nie die dood ons kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus is nie (Romeine 8:38,39). Deur Jesus se sterwe word die dood vir ons 'n deurgang na die ewige lewe by God.

**Skrywer:** [Prof Francois Malan](#)